HOËRSKOOL P.J. OLIVIER
BELEID VIR DIE AANKOOP EN DRA VAN 'N LAPELWAPEN

Riglyne:

1. Die dra van 'n lapelwapen is 'n voorreg en geskied met die toestemming van die leierspan.
2. Leerders moet 'n prestasie behaal om te kwalifiseer vir 'n lapelwapen. Die blote speel in 'n Eerste span behoort nie outomaties te dien as genoeg rede nie.
3. As die skool die lapelwapens aankoop, bly dit die eiendom van die skool en moet die leerder dit terugbesorg as sy of haar termyn verstryk het. Indien 'n leerder egter aan 'n einde van 'n fase is (Gr7 en Gr 12), mag hy of sy die lapelwapen behou. Lapelwapens kan ook behou word as daar uitsluiting plaasvind soos wanneer leerders nie meer mag deelneem aan 'n bepaalde aktiwiteit nie.
4. Leerders mag nie lapelwapens oor akademiese fases saamneem nie.
   Gr 4-7 lapelwapens kan dus nie in Gr 8-12 gedra word nie.
5. Lapelwapens kan in die volgende omstandighede toegeken word:

- **Leierskap:** Klaskaptein, Junior Monitor, Bestuurskomiteelid, Biblioteek-prefek, ACSV – Kringleier, Sport-spankaptein, Koorleier.
- **Akademie:** Laerskoolleerders en Top vyf akademies in die Hoërskool.
- **Kultuur:** Orde van die Olienhout, Debat en Redenaars.
- **Sport:** Eerste spanspelers.
- **Ander:** goedgekeurde lapelwapens bv. Bloedskenk en sportgebeure, landsvlag ens.

5. Kleur:

KATEGORIE	GROEP	AGTERGROND	LETTER
LEIERSKAP	BESTUURSKOMITEE	ROOI	WIT/SWART/GOUD
	MONITOR	SWART	WIT
	KAPTEIN	SWART	WIT
	BIB – PREFEKTE	SWART	WIT
	KOORLEIER	SWART	WIT
AKADEMIE	TOP VYF	ROOI	WIT/SWART
	LAERSKOOL	SWART	WIT
KULTUUR	ORDE V OLIENHOUT	GOUD	GROEN
		SILWER	GROEN
		BRONS	GROEN
	DEBAT	SWART	WIT
	REDENAARS	SWART	WIT
SPORT	EERSTE SPANNE	SWART	WIT